PDF Complete
Your complimentary use period has ended. Thank you for using PDF Complete.
Click Here to upgrade to Unlimited Pages and Expanded Features

OOL / JIM VAN TONDER SCHOOL

jou hartlik welkom hier by Jim van Tonderskool.

ón Gelukkige en suksesvolle skoolloopbaan word jou toegewens. Mag die nuwe jaar wat voorlê vir jou sukses en voorspoed inhou. Mag jy in hierdie jaar jou talente en gawes wat jy ontvang het, verder ontwikkel en in diens van die skool aanwend.

Sterkte met al die uitdagings wat die jaar gaan bied.

Die volgende reëls moet nagekom word sodat ons ón geordende skoolgemeenskap kan wees :

2. SKOOLBESOEK

Gereelde skoolbesoek is ón vereiste vir goeie vordering en akademiese prestasie. Ongereelde skoolbesoek benadeel die leerling in sy vordering en lei tot laksheid, gebrek aan belangstelling en uiteindelik tot onkunde en waarskynlik die herhaling van ón graad.

Swak skoolbywoning kan ook ón lewenshouding by die kind word in sy dagtaak. Net soos elke volwasse persoon ón werk het en daarna streef om dit goed te doen, so moet elke leerling skoolgaan as sy daaglikse werk beskou en dit na die beste van sy vermoë doen.

Ouers van stokkiesdraaiers is strafbaar deur die wet. Ouers kan die kantoor skakel wanneer ón leerling om een of ander rede afwesig gaan wees. Leerling moet 1½ uur aanwesig wees om teenwoordig gemerk te word.

3. GEDRAG TEENOOR ONDERWYSERS

- Onthou dat julle in die eerste plek na die skool kom om te studeer. Buitemuurse bedrywighede is ón bysaak en moet nooit oorbeklemtoon word nie. Gesonde ontspanning en beoefening van sport is egter noodsaaklik.
- Beskou jou onderwyser as jou leermeester en raadgewer, mense wat altyd bereid sal wees om jou te help.
- Van leerlinge word verwag om hoflik en vriendelik te wees teenoor al die onderwysers, of hulle nou vir jou skoolhou, of nie. Hulle moet ten alle tye behoorlik gegroet word. Wanneer die hoof of ón onderwyser jou aanspreek, in ón klas of daarbuite, of as jy met ón onderwyser praat, moet jy opstaan.
- Van leerlinge word verwag om hulle altyd ordelik en hoflik te gedra en so te sorg vir die goeie dissipline en orde in ons skool.
- Van leerlinge word verwag om gehoorsaam te wees en daagliks opdragte en huiswerk na die beste van hul vermoë uit te voer en te doen.
- Van leerlinge word verwag om in alle opsigte lojaal teenoor ons skool te wees. Daar sal nooit met minagting van ons skool, ons onderwysers of ons mede-leerlinge gepraat word nie.

4. GEDRAG TEENOOR LEERLINGE

Verhouding teenoor prefekte :

Die prefekte word oor ons aangestel en met gesag beklee. Van leerlinge word verwag om ons prefekte te gehoorsaam, hulle te respekteer en te ondersteun. Al die leerlinge moet die prefekte behulpsaam wees in die uitvoering van hulle pligte tydens skoolure, pouses, sport- en skoolfunksies.

Your complimentary use period has ended. Thank you for using PDF Complete.
Click Here to upgrade to Unlimited Pages and Expanded Features

r senior leerlinge :

leentheid om senior leerlinge van ons skool te word.
wag om aan die seniors die nodige respek en

eniors om die goeie orde, naam, gees en tradisie van ons skool te handhaaf en self na te kom.

(b) Verhouding teenoor maats :

Hier in die skool sal elke leerling hom bevind saam met die honderde ander leerlinge en hulle almal vorm saam die skool. Elkeen moet homself beskou as ón skakel in ón groot ketting en sorg dat daardie skakel sterk bly, anders breek die ketting. Dit word dus van elkeen verwag om soos volg op te tree teenoor maats :

- Vriendelik en beleefd
- Verdraagsaam.
- Hulle moenie van maats loop en kwaad praat nie.
- Elkeen moet sy uiterste bes doen in enige spanwerk, hetsy sport of andersins.
- Hulle sal hulle maat of maats berispe en vermaan as hulle verkeerd handel en alles in hulle vermoë doen om hulle die goeie te laat doen.
- Elkeen sal haarself/homself altyd en orals so gedra dat die goeie naam van ons skool hoog gehou sal word.
- Leerlinge met persoonlike probleme het hulp nodig.

SKOOLTYE		
BEGIN:	07:00 07:15	Personeel Leerlinge
VERDAAG	13:30	Leerlinge Personeel
VRYDAE	12:00 13:00	Leerlinge Personeel

GEDRAGSKODE

INLEIDING

Alhoewel die Staat die verpligting het om onderwys beskikbaar en toeganklik te maak, word dit aangevul deur die toewyding en aanvaarding van verantwoordelikheid deur die opvoeders, leerders en ouers.

BEHEER EN DISSIPLINE VAN LEERDERS

- Wet 84 van 1996 (Skolewet) artikel 8(1) magtig die beheerliggaam van ón skool om dissipline in ón skool te handhaaf.
- Geen leerder word vrygestel van onderhorigheid aan die Gedragskode van die skool nie.
- Die opvoeder by die skool beskik oor dieselfde regte as ón ouer om ón leerder te beheer en te dissiplineer.
- Die skool het die wetlike bevoegdheid tot deursoek van ón leerling as daar ón redelike vermoede of voldoende inligting bestaan. (Deursoek vir wapens, dwelms, gevaarlike middels, gesteelde eiendom of pornografiese materiaal). Handhaaf menslike waardigheid tydens deursoeking.

Your complimentary use period has ended. Thank you for using PDF Complete.
Click Here to upgrade to Unlimited Pages and Expanded Features

GTE VAN LEERDERS

te in die Grondwet van die RSA, Wet Nr 108 van
n alle mense.
op ón wrede, onmenslike of vernederende wyse
nie.

- Vryheid van uitdrukking is egter nie onbeperk nie. Vulgêre woorde, ongehoorsaamheid en beledigings is nie beskermende spraak nie. Wanneer vryheid van uitdrukking lei tot ontwrigting van skole is dit onaanvaarbaar.
- Die Beheerliggaam van die skool mag ón leerder as ón strafmaatreël skors indien regsvoorskrifte gevolg is.
- (Sien AANHANGSEL A : Wettige prosedure by skorsing).

REGTE EN VERANTWOORDLIKHEDE VAN LEERDERS

- Skoolreëls is ontwerp om die algemene organisasie van die skool te reguleer en vorm ón integrale deel van die dissiplinêre stelsel.
- Elke leerder word aan die begin van die skooljaar voorsien van ón stel skoolreëls.
- (Sien AANGHANGSEL B : Skoolreëls / School Rules).
- Vernietiging, beskadiging of ontsiering van eiendom is ón strafbare oortreding ï die ouer of wettige voog is verantwoordelik om dit te vervang of te betaal.
- Indien ón leerder afwesig is moet die ouer/wettige voog die skool in kennis stel om die afwesigheid te verduidelik.
- Opvoeders moet te alle tye professioneel optree en professionele diens lewer. Verontregting van die een deur die ander is onaanvaarbaar.

VERANTWOORDELIKHEDE VAN OUERS

- Die finale verantwoordelikheid vir die gedrag van ón leerder berus by die ouer/voog.
- Ouers kan regstappe neem teen enige opvoeder, leerder of persoon wat die grondwetlike reg van hul kind skaad.

DISSIPLINE

- Die dissiplinêre proses moet vlot, billik, regverdig, korrektief, konsekwent en opvoedkundig wees. Ons dissiplinêre stelsel steun swaar op ouerlike betrokkenheid. Ouers word ingelig, betrek en deel van die proses om leerders se gedrag te verbeter.
- Skoolowerhede mag leerders dissiplineer. Dié bevoegdheid mag nie aan mede-leerders oorgedra word nie.

STRAF

- Dit is ón korrektiewe maatreël of ón bestraffing wat die oortreder opgelê word om die ordelike gemeenskap van die skool te handhaaf.

BERADING, STRAWWE EN KORREKTIEWE MAATREëLS

- In geval van kleiner oortredings mag korrektiewe maatreëls toegepas word.
- Skorsing word slegs oorweeg nadat alle pogings aangewend is om die gedrag van die leerder te verbeter.

OORTREDINGS WAT TOT SKORSING MAG LEI

- Oortredings wat tot skorsing mag lei word vervat in die Provinsiale Regulasies. Dit sluit die volgende in :
  a. Gedrag wat veiligheid van ander in gevaar stel en hul regte skaad.
  b. Besit, dreigement of gebruik van ón gevaarlike wapen.

Your complimentary use period has ended. Thank you for using PDF Complete.
Click Here to upgrade to Unlimited Pages and Expanded Features

ndiging of sigbare bewys van bedwelmende middels

g of mishandeling.
godslastering.

f. Skadelike graffiti, haattaal en rassisme.
g. Diefstal of besit van gesteelde eiendom.
h. Onwettige optrede, vandalisme, vernietiging of ontsiering van skooleiendom.
i. Beledigende taal teen opvoeders, werknemers van skool of teen leerders.
j. Herhaaldelike skending van die skoolreëls of die Gedragskode.
k. Kriminele gedrag, bv verkragting en teistering gebaseer op geslag.
l. Afknouery en intimidering van ander leerders.
m. Verskaf valse inligting en dokumentasie om onregverdige voordeel by die skool te kry.

SKORSING EN UITSETTING

- Die Beheerliggaam mag na ón billike verhoor enige leerder skors wat skuldig bevind is aan ón oortreding van die bepalings in die Gedragskode.
- ón Ouer mag appél aanteken binne sewe dae by die Lid van die Uitvoerende Raad teen sodanige besluit.
- Onderhewig aan enige provinsiale wet, mag ón leerder slegs deur die Provinsiale Departementshoof uit die skool gesit word.

SKOOLREëLS

1. TERREIN

1.1 AANTREE

Die klok lui soggens stiptelik om 07:15. Almal moet onmiddellik stilbly en so vinnig moontlik na hul rye beweeg. Leerlinge staan in registerklas verband.
Na pouse tree die skolastiese seuns op die aantreeblad aan terwyl die sentrumseuns en alle dogters by hul sentrums aantree.
Prefekte hou die leerlinge stil totdat die onderwyser/es kom. Wanneer die klok na pouse lui, moes almal klaar in die toilet gewees het en dadelik aantree.

1.2 WISSELING TUSSEN PERIODES

Met wisseling tussen periodes, moet die leerlinge vinnig, en sonder om te praat, direk na die volgende klas stap. Leerlinge moet in netjiese rye voor die klas teen die muur (nie teen die reëlings) staan.
Die gebruik van die trappe moet ordelik geskied.

1.3 TASSE

Tasse moet elke oggend voor skool by die gesamentlike aantreeplek in hul betrokke rye gesit word. Daarna, om veiligheidsredes, moet elke kind sy tas by hom hou waar hy gaan, en self die verantwoordelikheid daarvoor dra.
Tydens pouse word alle tasse by die klas van die daaropvolgende periode geplaas.
Elke kind moet sy eie stewige skooltas hê, sodat boeke nie kan verniel nie.
Twee leerlinge mag nie een tas deel nie. Niemand mag iemand anders se tas wegsteek of verniel nie. Slegs die leerling se naam mag op die tas geskryf word (geen slagspreuke en tekeninge nie).

PDF Complete
Your complimentary use period has ended. Thank you for using PDF Complete.
Click Here to upgrade to Unlimited Pages and Expanded Features

erk tot hul eie speelterreine voor skool en gedurende

rkant, by die voertuie, tydelike klasse, sentrums of by die kwartiere van werkers speel nie.
Beweging oor die atletiekbaan en rugbyveld is verbode, d.w.s. seuns mag nie aan die koshuiskant van die rugbyveld speel nie.
Geen leerling mag koshuis toe gaan gedurende skooltyd nie.

1.5 BEWEGING OP DIE TERREIN

Om ongelukke te vermy, moet alle leerlinge wat van en na die koshuis, busse en hek beweeg, aan die kant van die pad, binne die geel streep, loop.
Geen kind mag in skooltyd sonder die toestemming van die senior huisvader koshuis toe gaan nie. 'n Prefek sal hom/haar dan vergesel. Geen kind gaan alleen koshuis toe nie.
Na skooltyd mag geen leerling by die skool kom tensy hy deur 'n personeellid vergesel is nie.
Leerlinge mag nie deur beddings loop of blomme pluk nie. Geen ander plante op die terrein mag verniel word nie.

1.6 SNOEPWINKEL

Aan die begin van pouse tree leerlinge in rye aan voor die snoepwinkel, en gaan direk nadat hulle gekoop het, terug na hul speelterrein. Leerlinge wat nie wil koop nie, mag nie by die snoepie wees nie!

1.7 NETHEID

Hou altyd die skoolgronde netjies en skoon. Geen papiere mag op ander plekke as in die asblikke gegooi word nie. Alle papiere wat rondlê, moet opgetel word.

2. KLASKAMER

2.1 HUISWERK

Alle huiswerk moet nougeset gedoen word.
Alle boeke wat wegraak, moet deur die leerlinge self vervang word. Geen boeke sal weer verniet aan 'n kind voorsien word nie. Dit bly die kind en sy ouers se verantwoordelikheid om die boek te vervang.

2.2 TOESTEMMINGSBRIEF

'n Kind wat gedurende klastyd uit die klas gaan of gestuur word, moet altyd 'n toestemmingsbriefie met hom saamdra.

2.3 KLEEDKAMERS

Kinders moet gedurende pouse die kleedkamer besoek en nie in klastyd nie.
Kleedkamers moet te alle tye netjies en skoon gelaat word.
As die klok gelui het na pouse mag die leerlinge nie die kleedkamer besoek nie.
Soos reeds gemeld, sal leerlinge net in uiterste noodgevalle tussen periodes toilet toe mag gaan.

3. SKOOLDRAG

Leerlinge moet te alle tye netjies en in volle skooldrag geklee wees.

3.1 DOGTERS

Somer: Grys skoolromp, wit hemp, kort wit sokkies, swart skoolskoene, swart moulose skooltrui, swart skoolbaadjie.

PDF Complete
Your complimentary use period has ended. Thank you for using PDF Complete.
Click Here to upgrade to Unlimited Pages and Expanded Features

romp - **slegs die voorgeskrewe 6-baan romp is**
atbaar
te van romp : soomlyn gekniel 10 cm van vloer.

Winter: Grys dogters-langbroek met swart sokkies **OF**
Grys skoolromp met swart gebreide broekiekouse, wit hemp, swart skoolskoene, swart skooltrui, skoolbaadjie of swart "DriMac" - **slegs swart**.

* **Lengte van romp: soomlyn gekniel 10 cm van vloer.**
Slegs die ses-baan romp is aanvaarbaar.

3.2 SEUNS

Somer: Grys kortbroek, wit kortmouhemp, grys skoolkouse en swart skoolskoene, swart skooltrui of swart skoolbaadjie.

Winter: Grys langbroek en wit langmouhemp, grys skoolkouse, swart skoolskoene, swart skooltrui, swart skoolbaadjie of swart "DriMac" **(slegs swart)** en ón swart skooldas.
'n Swart "DriMac" sonder enige kleurmotiewe of name daarop, mag gedra word.

Mpumalanga baadjies en -dasse mag ook gedra word. Mpumalanga provinsiale sweetpakbaadjies is toelaatbaar. Dit word slegs op Vrydae gedra.

Seilskoene, oefenskoene (tekkies) van enige aard **mag nie** by die skool gedra word gedurende klastyd nie. Die Wet op Fabrieke verbied die dra van hierdie skoene in enige sentrum.
Die skool is nie verantwoordelik om skooldrag aan die leerlinge te verskaf nie. Dit is die ouer se verantwoordelikheid.
Die spesifieke snit en kleur van alle skooldrag kan by die skool besigtig word.

3.3 HARE

Dogters Hare moet te alle tye netjies en versorg wees.
Hare onderkant die kraag moet vasgemaak word. Lang hare moet gevleg word.
Kuiwe mag nie oor die wenkbroue hang nie.
Wanneer hare 'n permanente golwing het, moet dit in 'n netjiese styl drooggeblaas, vasgemaak of vasgesteek word.
Hare mag nie teruggekam (getease) word nie.
Dogters se hare **mag onder geen omstandighede gekleur word nie**. Indien ón dogter se hare gekleur is, sal die kleursel verwyder word teen die ouers se onkoste. Daar is geen waarborg dat die hare die regte kleur sal wees na behandeling nie.
Hare mag slegs met òf swart of wit linte, rekkies, knippies of kammetjies vasgemaak word.
Ons **sal** streng hieroor wees en ons verwag die samewerking van ouers in hierdie verband.

Etniese Hare (Dogters) Die insit van haarstukke en ñbondingò word toegelaat, **mits dit netjies is**. Hare mag nie in die oë of op die kraag hang nie, dan moet dit vas gemaak word.
Slegs swart is toelaatbaar, geen ander kleure is toelaatbaar nie.

Your complimentary use period has ended. Thank you for using PDF Complete.
Click Here to upgrade to Unlimited Pages and Expanded Features

self toesien dat seuns se hare volgens die
e styl gesny word (nie "steps" nie) **Seuns se hare**
geen omstandighede gekleur word nie. Indien óf
gekleur is, sal die kleursel verwyder word teen die ouers se onkoste. Daar is geen waarborg dat die hare die regte kleur sal wees na behandeling nie.
Seuns wie se hare nie volgens voorgeskrewe styl gesny is, of te lank is, sal gewaarsku word, en daarna sal dit deur die skool volgens voorskrif gesny word.
Ons **sal** streng hieroor wees en ons verwag die samewerking van ouers in hierdie verband.

* **Seuns se hare bo-op, mag nie langer wees as 2 vingers nie en kuiwe moet 1 vinger bo die wenkbroue gesny wees. Hare mag nie aan ore raak nie, ander hare rondom mag nie langer wees as 'n "nr 3" knipper kammetjie.**

3.4 NAELS
Dogters se naels moet volgens die voorgeskrewe lengte geknip wees (nie langer as die voorpunte van die vingers nie). Slegs kleurlose naelpolitoer mag gedra word.

3.5 JUWELE / VERSIERINGS
Seuns en dogters mag geen juwele of versierings, veral kettinkies dra nie. Dogters mag net een paar oorringe dra (studs of ringetjies). Koshuisleerlinge kan wel hul sleutels om hul nekke met 'n toutjie dra.

4. ALGEMEEN

4.1 BESKADIGING VAN EIENDOM
Teen vandalisme sal baie streng opgetree word.
Indien leerlinge enigiets (geboue, meubels, ruite, boeke, ens.) beskadig, word die ouer verantwoordelik gehou vir die vervanging of herstel daarvan. Gelde vir die herstel daarvan word nie deur die staat voorsien nie en ons kan nie ander ouers se geld gebruik om skade wat deur vandalistiese dade aangerig is, te herstel nie. 'n Vandalis se ouers sal dus verantwoordelik wees om vir die skade te betaal. Indien nie, sal daar wetlik teenoor so 'n persoon opgetree word. Praat dus vroegtydig met u kind sodat hy/sy niks breek nie.

4.2 ROOK
Geen leerling mag by die skool rook of in besit wees van sigarette, aanstekers of vuurhoutjies nie. Dit sal gekonfiskeer word, al het die ouers dit voorsien.
Volgens die skool se dissiplinêre stelsel sal daar tot 10 negatiewe punte gegee word indien 'n leerling rook of as enige van bogenoemde in sy/haar besit gevind word.

4.3 BESPARING
Besparing op alle gebiede is noodsaaklik: elektrisiteit, water en alle verbruikbare voorraad. Vermorsing kan tot die verhoging van onderriggelde bydra.

4.4 KANTOORBESOEKE
Alle gelde moet direk na opening by die kantoor inbetaal word. Indien die leerlinge na die kantoor moet gaan, moet hulle alleen gaan en die ingang langs die saal gebruik. Ander besoeke moet gedurende pouses geskied.

PDF Complete
Your complimentary use period has ended. Thank you for using PDF Complete.
Click Here to upgrade to Unlimited Pages and Expanded Features

r af nie, behalwe in noodgevalle waar die Hoof of
e.

afwesig wees nie.
Afwesighede moet met 'n doktersbrief of 'n brief van die ouers opgevolg word. Vir afwesighede weens siekte tydens toetse of eksamens **moet** 'n doktersbrief getoon word. Indien nie, sal so 'n kind Nul vir die betrokke vraestel kry.

4.6 RUIL- OF HANDELSTRANSAKSIES
Geen ruil- of handelstransaksies word tussen kinders op die skoolterrein toegelaat nie.

4.7 ONTGROENING
Volgens regulasie word geen ontgroening of inlywing van enige aard toegelaat nie (tasse dra, ens.)

4.8 BAKLEIERY / AFKNOUERY
Geen bakleiery, afdreigery of intimidasie van enige aard is toelaatbaar nie. Daar sal streng teen boelies opgetree word. Niemand mag ander kinders se lekkers of kos afvat nie.

4.9 V.L.R.
Enige probleme wat tydens pouses of voor skool opduik, moet by die V.L.R. of die onderwyser aan diens aangemeld word.

4.10 SELFONE, RADIO'S TV-SPELETJIES, TROETELDIERE, MESSE
Geen van bogenoemde of soortgelyke artikels word by die skool toegelaat nie. Indien 'n leerling dit wel op die skoolterrein bring, sal dit gekonfiskeer word. Geen verantwoordelikheid word deur die Departement, skool, personeel of beheerliggaam aanvaar vir enige luukse artikels wat sou wegraak of gesteel word.

5. STRAF
By die oortreding van enige skoolreël sal die leerling op 'n toepaslike wyse gestraf word. 'n Dissiplinêre stelsel wat positiewe en negatiewe punte behels, is in gebruik.

6. ONDERRIGGELDE
Onderriggelde soos bepaal deur die Beheerliggaam, is vooruitbetaalbaar. In gevalle waar ouers hul onderriggelde vooruit betaal het en daarna permanent verhuis, sal daar met die leerling se inskrywing by 'n volgende skool die volle oortollige bedrag (vir volle maande) aan die ouers terugbetaal word. Geen terugbetaling sal vir gedeeltes van maande gedoen word nie.

7. PROBLEME IN VERBAND MET SKOOLAANGELEENTHEDE
Ouers moet nie probleme wat hulle met skoolaangeleenthede ervaar, direk met die klaspersoneel hanteer nie, maar met die hoof of adjunkhoof. Ouers en besoekers wat die skool oor enige aangeleentheid besoek, moet by die kantoor aanmeld.

8. ONGESTELDHEID VAN DAGSKOLIERE
Onder geen omstandighede mag ouers siek kinders wat mediese behandeling nodig het, skool toe stuur en verwag dat die skool dit moet hanteer nie.

Your complimentary use period has ended. Thank you for using PDF Complete.
Click Here to upgrade to Unlimited Pages and Expanded Features

nge op die busse is, is die skool verantwoordelik vir
e en orde aangaan.

9.2 PRIVAATBUSSE

Die skool dra geen verantwoordelikheid vir leerlinge wat van privaatbusvervoer gebruik maak nie.